

Referaat gelewer tydens die 7de Volkskonsilie van die Gelooftevolk van Suid Afrika, 20-21 April 2019 te Orania.

Deur Flip Swanepoel

Ps.78:44 En Hy het hulle riviere verander in bloed en hulle strome, sodat hulle nie kon drink nie.

Hiermee die sakelys se Skrifgedeeltes in volgorde. Let op hoe ons geskiedenis daarin na vore kom: **Tema: Ps.78:10** Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te wandel in sy wet.

Psa 78:3 Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het,

Psa 78:4 sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dae van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het.

Psa 78:5 Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het—om dit aan hulle kinders bekend te maak,

Psa 78:6 sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders,

Psa 78:7 en hulle vertrou op God kan stel en die dae van God nie vergeet nie, maar sy geboeie kan bewaar,

Psa 78:36 En hulle het Hom met hul mond gevlei en Hom met hul tong belieg;

Psa 78:38 Maar Hy is barmhartig, Hy versoen die ongeregtheid en verdelg nie, en dikwels wend Hy sy toorn af en wek nie al sy grimmigheid op nie.

Psa 78:44 En Hy het hulle riviere verander in bloed en hulle strome, sodat hulle nie kon drink nie.

Psa 78:52 Maar Hy het sy volk laat wegtrek soos skape en hulle gelei soos 'n kudde in die woestyn.

Psa 78:54 En Hy het hulle gebring na sy heilige grondgebied, na die bergland wat sy regterhand verwerf het.

Psa 78:58 En hulle het Hom geterg deur hul hoogtes en deur hul gesnede beelde sy jaloersheid gewek.

Broers en susters in JaHshua MashiJaH wat ons as Jesus Christus leer ken het. Mag die Genade van Vader JaHWeH wat ons as die HERE leer ken het met elkeen van ons wees.

Die Tema meld dat Israel die verbond van JaHWeH nie gehou het nie en dat hulle geweier het om te wandel in Sy wet. Asaf bring met die skryf van die psalm 'n deel van Israel se geskiedenis in gedagtenis. Hierdie psalm, saamgelees met die hele Ou-Testamentiese geskifte maak dit duidelik dat hardkoppigheid 'n kenmerk van Israel is sedert die vroegste tye en gedagtig aan die eindtyd profesieë sal dit voortduur tot kort voor die Wederkoms.

Die Psalm getuig ook van die ontsaglike groot Liefde wat Vader JaHWeH vir Sy volk het. Hoe Hy uit Sy pad gegaan het om hulle tot 'n getroue volk te maak maar hoe hulle Hom misbruik het en net behae is die voorspoed gehad het wat Hy kon bied.

Vandag hoor mens nog steeds hoe teoloë voorspoed predik en hoe veral megakerke floreer en teoloë in weelde leef. Dit laat mens dink aan die breë weg wat na die verderf lei teenoor die smal weg wat na die lewe lei en dat daar min is wat dit vind.

In Openbaring lees mens van Sy volk wat opgeneem is in Babilon en beveel word om Babilon te verlaat – **Gaan uit haar uit My volk**. Hierdie Babilon verwys na die Christendom, waarvan die een pool strek vanaf die Rooms Katolieke kerk wat bykans 2000 jaar oud is tot en met die meer behoudende Gereformeerde kerke in ons land wat die ander pool van die Christendom verteenwoordig. Daar is blykbaar meer as 30 000 Christen denominasie oor die wêreld. ‘n Huis wat in homself verdeeld is kan nie bly staan nie, en ‘n huis wat op sand gebou is kom tot ‘n val. Daarom dat daar ook staan: “Geval, geval het die groot Babilon” [Op.18:2 en 14:8]. Daar staan ook dat Babilon weelderig geleef het en dat rykdom deel is van hulle wat met Haar assosieer.

Daarom moet mens waak om nie jou Godsdienst te bou op voorspoed nie, maar op diensbaarheid in geregtigheid.

Israel se fokus was op voorspoed en het van JaHWeH afvallig geword en is uiteindelik van Hom geskei en bevind hulle in Babilon, waaruit hulle nou moet gaan.

Destyds het hulle Moses gehad wat vir Faraos moes sê: **Laat my volk trek dat hulle My kan dien – Ex.7:6** en vandag gaan dit oor **Op. 18:4 - Gaan uit haar uit My volk**.

Destyds het hulle die Beloofde Land gehad waarheen hulle kon trek, maar vandag is dit ‘n ope vraag. As ons Babilon moet verlaat moet daar seker ‘n heenkome wees waarheen ons as Sy volk heen moet kan gaan? Ons moet ‘n plek van afsondering hê waar ons JaHWeH kan dien.

Vanuit hierdie perspektief ontleed ek dan die gedeelte wat ek moet behandel. Min Christene besef dat Sy volk opgeneem is in Babilon. As dit nie so was nie, sou Hy nie gesê het: **Gaan uit haar uit My volk – Op.18:4**. Ek gaan dit herhaal. Die Christen moet besef dat Vader JaHWeH se volk opgeneem is in Babilon en daaruit moet gaan. Dit is waar ons ons bevind en dit is die opdrag wat ons moet uitvoer sodat ons nie saam met Babilon ten gronde gaan nie.

Psa 78:44 En Hy het hulle riviere verander in bloed en hulle strome, sodat hulle nie kon drink nie.

Die konteks van die Psalm is lesse uit die geskiedenis, waarop mens moet rig om die toekoms te ontmoet te gaan. Die volgende opdrag van JaHWeH sluit aan by verse 3-7 van hierdie psalm: **Jer 6:16** *So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.*

Ek sluit hierby aan en neem u hiermee terug in die geskiedenis om sekere parallele aan u uit te wys. My vertrekpunt is die begin van die uittoeg uit Egipte. Die begin van die Exodus.

Josef en Van Riebeeck

1. Toe Josef deur sy broers verwerp en verkoop is, was dit weens sy besondere verhouding met JaHWeH waarvan hy getuig het. Sy getuienis was profeties van aard en het JaHWeH hom derhalwe vooruit gestuur om vir Israel plek te berei waar hulle 'n tyd lank moes vertoef voordat hulle die Beloofde Land in besit kon neem.

“Gen.45:4 Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle na Egipte verkoop het. :5 Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur.”

Daarna het Israel vir 430 jaar in Egipte gewoon waarna hul uittog plaasgevind het.

1a] Gedagtig dat Josef vooruit gestuur is om vir Israel in Noord-Afrika plek te berei tydens die hongersnood wat sewe jaar geduur het, is Jan van Riebeeck en sy geselskap ook vooruit gestuur na Suid-Afrika om vir die vluggende Franse Hugenate en ander Protestante plek te berei en het die Kaap soos Egipte, 'n tydlieke vesting geword.

Die verskil is dat Israel van ouds nie van die Egiptiese kultuur afstand kon doen nie en nie in Vader JaHWeH se weë wou wandel toe Hy hulle uit Egipte uitgelei het nie; terwyl die Protestante dit juis wou doen, juis in Sy weë wou wandel en 'n afsku gehad het in die Rooms Katolieke Farao van hulle tyd. Die Protestante het sterk geïdentifiseer met Israel van ouds en daar is baie getuienis in ons gesliedenis opgeteken dat hulle hulself as God's-volk beskou het.

Daarom is Jan van Riebeeck 'n tipe Josef en is Suid Afrika 'n tipe Egipte.

Die Nyl en die Nkome

2. Ons weet dat die waters van Egipte in bloed verander het as middel tot die doel om Israel se aandag op Vader JaHWeH se Almag te vestig ten einde vertrouwe in te boezem en tergelykertyd Farao vreesbevange te maak om Israel te laat trek sodat hulle die Beloofde Land in besit kon neem.

***Ex.7:19** Verder het die HERE met Moses gespreek: Sê vir Aäron: Neem jou staf en steek jou hand uit oor die waters van die Egiptenaars, oor hulle strome, hulle kanale, hulle waterkuile en oor al hulle versamelplekke van water, sodat dit bloed word: daar sal bloed in die hele Egipteland wees, ook in hout— en in klipbakke. :20 Moses en Aäron het toe so gedoen soos die HERE beveel het— hy het die staf opgehef en die water wat in die Nyl was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy dienaars; en al die water in die Nyl is in bloed verander. :21 En die visse wat in die Nyl was, het doodgegaan; en die Nyl het gestink, sodat die Egiptenaars die water uit die Nyl nie kon drink nie. En daar was bloed in die hele Egipteland.*

Dit was die eerste plaag. Dit het die tiende plaag – die instelling van die Pasga en die dood van die eersgeborenes van Egipte vooruit gegaan. Die eerste en laaste plaag het met bloed gepaard gegaan.

Gisteraand het ons die instelling van die Nagmaal as teken van die Nuwe Verbond herdenk met wyn as teken van JaHshua se bloed wat vir ons gestort is en vandag moet ons onder Sy Skaduwee lesse uit die geskiedenis neem ter voorbereiding van ons toekoms wat oorgaan in die ewige lewe met Sy Wederkoms.

2a] Gedagtig daaraan dat die water van die Nyl rivier bloed geword het om die Almag van Vader JaHWeH bekend te maak, het die water van die Nkome rivier rooi geword van die bloed van die verslane Zoeloes tydens hul aanval op die Voortrekkers met die Slag van Bloedrivier om daarmee die Almag en nabyheid van Vader JaHWeH te bevestig. Die bloed van die tiende plaag het dood gebring vir die Egiptenare maar het 'n nuwe lewe vir Israel beteken in die Land wat met 'n verbond aan hulle beloof is – hulle Gelofteland. Die bloed van die tiende plaag dui ook op die bloed van die Verbondsmaal, die bloed van JaHshua wat die weg berei na die Beloofde Land – die Koninkryk van die hemele. Omdat ons met die bloed van JaHshua beseël is, is ons toegerus om Sy koninkryk in te gaan. Maar voordat dit gebeur moet ons eers ons Beloofde Land op sterkte van ons Geloftes ingaan.

Farao en die Koloniale regerings

3. Die gebeure in Egipte het gevolg op Israel se gebede weens die Staatkundige verdrukking wat hul verduur het toe Farao hulle as slawe diensbaar gemaak het en Vader JaHWeH hulle gebede verhoor het en hulle deur wonderwerke uitgelei het na die Beloofde Land. Hy wou Israel tot volk maak wat Sy verordeninge en insettinge vrywillig onderhou, maar hulle wou nie.

3a] Die Nederlandse- en Britse koloniale regerings het die burgers nie in fisiese slawerney gedompel nie, maar het probeer om by wyse van regeringsinstelling hul geestelike slawe te maak van die Liberalisme deur 'n oop beleid te volg m.b.t. rasgemengde huwelikke en gelykstelling op alle lewensterreine.

Dit was vir die Protestante aan die oosgrens onaanvaarbaar, vanwaar hul drang om in afsondering 'n nuwe tuiste te skep vir hul kinders en kindskinders.

Die staatkundige beleid van gelykstelling het hulle al hoe verder laat wegtrek totdat hulle uiteindelik hul geboorteland verlaat het en die vreemde ingetrek het op soek na 'n land waar hulle in onafhanklikheid hulself kom regeer volgens Bybelse beginsels.

Die doel van hulle trek was nie om finansieël voort te bestaan nie, maar om geestelik voort te bestaan. Die voortbestaan van hul geloof was vir hulle belangriker as hul welvaart. As welvaart vir hulle belangriker was sou hulle nooit op trek gegaan het nie.

Dit is die tipe volk wat Vader JaHWeH met Israel van ouds in gedagte gehad het, maar Israel het meer in welvaart belang gestel. Die Voortrekkers was in hulle harte oortuig dat hulle Israel van ouds is. Andries Pretorius het in sy brief van 23 Julie 1838 aan ds Van der Lingen geskryf dat soos wat hulle van die Almagtige God is, hulle volgens Sy wyse wil en welheae in die binneland tot 'n volk sal word en tot Sy eer sal lewe.

Vanuit my eenvoudige verbeelding en met die gesig van Miga in gedagte wat die hemel geopend gesien het en die gesperk wat tussen Vader JaHWeH en Sy Leerskare plaasgevind het om die profesie van Elia in vervulling te laat gaan m.b.t. Agab en Isebel, het dit by my opgekom van hoe aangrypnd moes dit nie vir ons hemelse Vader en Sy Seun en Sy

Leerskare gewees het wat dit alles in die vooruitsig deur Sefanja gestel het, nie. Daardie klein en geringe en ellendige volkie in wording daar oorkant die riviere van Kus wat by My Naam skuiling soek. Hulle is My verstrooide gemeente en Ek sal in hulle midde wees en Ek sal hulle Koning wees. HalleluJaH. – Daarop het Ps.44 in my gedagtes na vore gekom.

Maar die Voortrekkerideaal van 'n eie vaderland in afsondering was van korte duur. Die republieke wat hulle tot stand gebring het, en wat uiteindelik gekonsolideer is tot die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje Vrijstaat is na ongeveer 40 jaar deur die magsbehepte Brittanje beset en geannekseer. Die beweerde swak administrasie van die republieke is as rede aangevoer, maar die ontdekking van goud en diamante was die eintlike rede binne menslike terme. Die oorkoepelende rede was die afvallige gelofteonderhouding. Dit het uitgeloop op die Twee Vryheidsoorloë en die latere Uniewording.

Na alles het ons uiteindelik 'n republiek geword, maar jammerlik weens demokrasie verval tot die vlak waar Israel in was en waaruit hulle nie kon uitkom nie.

Die oop beleid van rasse integrasie, waaruit die Voortrekkers weggetrek het, het hulle agtervolg en uiteindelik verswelg. Daarop weerklink die opdrag in my gemoed – **Gaan uit haar uit my volk/ Laat My volk trek dat hulle My kan dien.**

Die huidige toestand van ons waters laat my dink aan; **Ex.7:21** *En die visse wat in die Nyl was, het doodgegaan; en die Nyl het gestink, sodat die Egiptenaars die water uit die Nyl nie kon drink nie. En daar was bloed in die hele Egipteland.*

Die Vaalrivier was nou die dag in die nuus, so ook die Olifantsrivier, die Krokodilrivier en so kan ons hulle almal opnoem. Hulle het stinkende rioolslote geword en mens kan die water daarvan nie drink of selfs aanraak nie.

Die Vaalrivier wat die grens tussen die twee Boererepublieke is; die Jordaan is; die gemeenskaplike lewensaar is; het 'n nikswerd rioolslot geword, en is die eerder nou die Vuilrivier as die Vaalrivier.

Ons het geword soos die Egiptenare teen wie Vader JaHWeH Homself met 10 plaes gerig het om kwaad aan te doen sodat Sy volk hul Beloofde Land in besit kon neem. Ons is in Babilon wat tot 'n val gaan kom deur die opgetekende plaes.

Ek sluit af met betekenisvolle datums en die vervulling van ons geloftes binne 'n Godegewe land - Die Teokrasie van Gelofteland.

Maar daar is hoop vir ons. Sefanja het geprofeteer oor die verstrooide gemeente oorkant die riviere van Kus.

Jan van Riebeeck het aan boord die Drommedaris gegaan op 16 Desember 1651, en op 6 April 1652 vasgeanker in Tafelbaai, oorkant die riviere van Kus, waarna hier 'n Protestantse volksplanting plaasgevind het.

JaHshua was op 6 April 30nC aan Tafel met die instelling van die Nagmaal en die jaar waarin Hy gebore is het begin op 6 April.

6 April is ook die begin van hierdie jaar vir hulle wat met die gemiddelde eweningsdatum Paasnaweek se datum vasstel.

Beide 6 April en 16 Desember het Geloftedae geword, en bevat 16 Desember ons vrywordingsmanifes. Hierdie Gelofte bepaal dat ons 'n Toekrasie tot stand moet bring, wat binne Nuwe Testamentiese verband die Melgisedek orde sal wees. Ons moet in bestel tot stand bring waarin JaHshua ons Koning is en fisies oor ons regeer in Sy Geestelike hoedanigheid – Sef.3:15,17.

Die opdrag wat Hy gegee het om Babilon te verlaat beteken dat daar tog 'n heenkome moet wees.

Ons bevind ons nou in Babilon – die hedendaagse Egipte – die multikulturele NWO. Maar die opdrag om Babilon en haar NWO te verlaat open ons verstand om die hedendaagse Beloofde Land raak te sien. Gelofteland wat d.m.v. die Geloftes van Bloedrivier en Paardekraal Godgegewe eiendom geword het, nl. Die Republieke van Transvaal en Vrystaat, hier oorkant die riviere van Kus. God het voorsien!

Ons bevind ons in Babilon, wat 'n tipe Egipte is. Ons riviere is ondrinkbaar. 'n Tipe van die eerste plaag. Die Lam is geslag, ons het Nagmaal gevier waardeur ons JaHshua se werderkoms verkondig. 'n Tipe van die 10de plaag. Ons maak ons reg vir die totstandkoming van die koninkryk van die hemele. Ons bevind ons in Babilon en moet ter voorbereiding van die hemels koninkryk die Verbond van Bloedrivier nakom en 'n Melgisedekrasie tot stand bring hier oorkant die riviere van Kus waar dit God behaag. Laat My volk trek sodat hulle My kan dien.

Gaan uit haar uit volk van JaHWeH en neem die land wat Hy aan u vaders gegee het in besit. JaHWeH het voorsien.

Vrede